
# Briewe vanaf Jesus

**Deel 1**





**2021-01-31**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**



## INLEIDING

- Die apostel Johannes skryf die briewe terwyl hy op die eiland Patmos was.








# INLEIDING

- Die apostel Johannes skryf die briewe terwyl hy op die eiland Patmos was.




# INLEIDING

- Die apostel Johannes skryf die briewe terwyl hy op die eiland Patmos was.




*Die 7 gemeentes aan wie Johannes skryf was 7 groot en prominente kerke van die vroeë Christendom*

Kaart: Wikipedia

## INLEIDING

- Die 7 briewe is profetiese woorde vanaf Jesus Christus deur die Heilige Gees aan die 7 gemeentes in Asië.
- Dit was bedoel vir die 7 gemeentes van Asië in daardie tyd, maar dit is ook profeties aan ons vandag gerig (eindtyd).
- Hoe sou Jesus se briewe aan ons elkeen vandag gelyk het?



# Skrifgedeeltes

- Openbaring 1 & 2



# Openbaring van Jesus Christus

- Die hele Bybel sentreer rondom Jesus Christus
- Jesus Christus word geopenbaar aan ons.

Openb 1:1 Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het,
Openb 1:2 wat getuig het van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus alles wat hy gesien het.
Openb 1:3 Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.

- Hy praat in die laaste dae met ons deur die seun

Heb 1:1 Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun

# Johannes was in die Gees

- Op die dag van die Here.
- Dien die Here elke dag, maar gebruik Sondae spesiaal om met God en Sy werk besig te wees.
- Dis ‘n rusdag. Dis die Here se dag.
- Kom bymekaar as gelowiges (Heb 10:25)
- Wees in die Gees
- Wees bly en juig. Ps 118:24
- Vermy die wêreldse plesier (vlees) en dinge wat jou aandag aftrek. Fokus eerder op die geestelik dinge.

Openb 1:9 Ek, Johannes, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus, was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die woord van God en om die getuienis van Jesus Christus.
Openb 1:10 Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my ‘n groot stem gehoor, soos van ‘n basuin, wat sê:

# Briewe aan die Gemeentes

- Johannes stuur 7 briewe aan die 7 gemeentes van Asië

Rev 1:11 Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa.

- Groot stem – basuin / trompet (alarm – aandag)

**Rev 1:10** Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin, wat sê:



# Patroon van die 7 briewe

- Johannes stuur 7 briewe aan die 7 gemeentes van Asië
- Hy groete hulle in die algemeen (Hand 1:4-8) en vertel van Jesus Christus wat die Alfa en Omega is, die begin en die einde, wat weer gaan kom.
- Noem ook dat ons gemaak is as konings en priesters vir God die Vader.
- Begin elke brief met 'n kenmerk van Jesus, wat gereeld ook vergelyk met Jesus se beskrywing in Openb 1:12-16
- Hy sê vir elkeen "Ek ken jou werke". (Noem positiewe en negatiewe dinge).
- Hy sê in die meeste gevalle Hy het iets teen die gemeente
- Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

# 7 Goue Kandelare

- Die kerk is die goue kandelare
  - 7 Kandelare is die 7 gemeentes
  - Dit vewys ook na die volmaakte getal hoe God Sy kerk wil hê
  - Ons moet lig gee (almal)
  - Ons kry dit by Jesus Christus
  - Dit moet suiwer wees
  - Ons lig moet ander aansteek om lof en eer aan God te bring (Mat 5:16)

Openb 1:12 Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars,



- Die basis van die kandelare is Jesus Christus
  - Jesus is by Sy kerk – ons sal ons deurdra tot aan die einde

Openb 1:13 en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens

# Tabernakel se goue kandelaar

- Die brandende lampe in die tabernakel moes gedurigdeur brand.
- Lampe moes brand uit suiwer olie.
- Dit moes op die rein kandelaar geplaas word (Jesus

Exo 25:31 Maak ook 'n kandelaar van suiwer goud. Van dryfwerk moet die kandelaar, sy voetstuk en sy stam gemaak word; sy kelkies, sy knoppe en sy blomme moet, daarmee saam, uit een stuk wees.

Lev 24:1 En die HERE het met Moses gespreek en gesê:
Lev 24:2 Gee bevel aan die kinders van Israel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die kandelaar moet bring, om gedurigdeur 'n brandende lamp te hê.
Lev 24:3 Äaron moet dit buitekant die voorhangsel van die Getuienis, in die tent van samekoms, regmaak om te brand van die aand tot die môre voor die aangesig van die HERE, gedurigdeur. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte.
Lev 24:4 Hy moet op die rein kandelaar die lampe regmaak om te brand voor die aangesig van die HERE, gedurigdeur.

# Ons het te doen met Jesus Christus

Rev 1:12 Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars,
Rev 1:13 en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.
Rev 1:14 Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam,
Rev 1:15 en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters.
Rev 1:16 En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.
Rev 1:17 En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste
Rev 1:18 en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.

# Ons het te doen met Jesus Christus

- Jesus is by Sy kerk tot aan die einde toe.
- Vul ons met lig, lewe en liefde
- Hy is rein en Heilig
- Hy is vol van wysheid en kyk diep in elke hart in. Ken ons hele wese.
- Hy het nie gekom om ons te oordeel nie maar te red.
- Daar is krag in Sy Naam, en wanneer Hy praat moet elkeen luister. Sy woorde kan skep of vernietig.
- Luister na Sy stem

- Hy spreek met Sy kerk (gelowiges) en sê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste"



# Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/135697786607125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp: 082 462 1282

**Bronne:** Die Bybel (1953); Matthew Henry Commentary; Living Bible; Amplified Bible